e-Hervormer

Weeklikse nuusbrief met kommunikasie en kommentaar

22 Julie 2010
Jaargang 3 – Uitgawe 24

In hierdie uitgawe

- Voorblad
- Beroepe en standplase
- Predikante en gemeentes
- Ander nuus
- Kommentaar
- Advertensies
- Agterblad

Teken in op *e-Hervormer* en ontvang elke uitgawe gratis per e-pos!

- Besoek die webwerf by **www.hervormer.co.za** en kliek op die "Teken in"-opsie; of
- stuur 'n e-pos aan **karen@nhk.co.za**

Stuur 'n e-pos met nuus en berigte aan die redaksie by **produksie@nhk.co.za**

VOORBLAD

Liefde en waarheid as waardes vir die komende Algemene Kerkvergadering

Die Algemene Kerkvergadering (AKV) is om die draai. Dit is die geleentheid waar ons Kerk bymekaar kom om saam te besin oor die wyse waarop ons die lig van die evangelie uitdra in hierdie donker en koue wêreld.

Hierdie vergadering behoort ons opgewonde te maak om die regte redes. Ons kan verwag dat daar 'n sprankel in die lug sal wees as medegelowiges mekaar met warmte en vreugde ontmoet.

Sou dit naïef wees om te hoop dat die liefde van Christus deur die werking van die Heilige Gees so sal gedy dat 'n mens dit op elke predikant en ouderling se gesig sal sien? Ek dink nie dit is te veel gevra van 'n AKV nie.

Verskoon asseblief die idealisme, of is dit Christelike hoop? Ek besef maar alte goed dat die realiteit soms baie anders daar uitsien as waarvoor ons hoop. Terwyl ek terugdink aan die laaste AKV, doem die herinnering aan spannende debatte, strak gesigte en die dreigende swaard van tweespalt telkens in my gedagtes op. Ja, daar was ook die oomblikke van verligting, maar die duidelikheid van etikettering, verdagmaking, en die wrede dreigemente van moontlike skeuring was onhoudbaar. Die genade van ons liefdevolle Vader het gelukkig op die ou end geseëvier en ons kon nog 'n termyn as een kerk met een hart voortbeur deur die moeilike omstandighede van 'n veranderende wêreld. Ek was so dankbaar dat daar nie 'n skeuring in die Kerk gekom het oor ons verskille nie.

Die debatte van die vorige AKV het volgens my gewissel tussen twee dominante waardes, naamlik liefde en waarheid. Hierdie soort debatvoering kan lei tot groei en kan ook opbouend wees, maar dit mag nooit lei tot tweespalt en skeuring nie. Die rede daarvoor is dat hierdie twee waardes onlosmaaklik verbind is. Die oomblik as jy *kies* vir die een, aanvaar jy daarmee saam die ander. Ware liefde kan nooit buite die grense van waarheid bestaan nie, net soos ware vryheid nooit buite die grense van verantwoordelikheid moontlik is nie. Liefde sonder waarheid sou 'n losbandigheid impliseer. Die begrippe *liefde* en *waarheid* is ook in die Bybel deurgaans aan mekaar verbind. Waarheid sonder liefde sou wreed wees. Dink maar net aan 'n pa wat sy kind bestraf – liefdelose bestraffing sou wreedaardig wees. God straf immers ook die sonde en bly so die God van waarheid en geregtigheid, maar God dra ook self die straf vir die sonde en bly tegelyk die God van liefde. Iewers tussen 'n rigiede oorbeklemtoning van dit wat waar en reg is en 'n vrysinnige oorbeklemtoning van liefde sonder grense, hoop ek dat die komende AKV sal vind dat 'n verhouding met die lewende God van liefde en geregtigheid ook 'n lewe vereis waar albei hierdie waardes resoneer binne die karakter van sy kinders.



Ek raak opgewonde oor die komende AKV, vir die regte redes. Ek wil my broers en susters in die Here ontmoet met blydskap, ek wil met hulle almal vriendelik kan staan en gesels, sonder om bang te wees dat ek geklassifiseer gaan word as behorende tot 'n groep of denkrigting. Ek glo die Kerk sal nie skeur nie. *Nee, ons sal in liefde by die waarheid bly en so in alle opsigte groei na Christus toe* (Efesiërs 4: 15).

Dr Stephan Hoffman, Vaalharts

Skakels

Webblad van die Hervormde Kerk **www.nhk.co.za**
Die Hervormer **www.hervormer.co.za**
e-Hervormer **www.hervormer.co.za/e_Hervormer.html**

Indien u nie weer die *e-Hervormer* wil ontvang nie, kliek op **www.hervormer.co.za/cancel.html**

BEROEPE EN STANDPLASE

Kontak die webbladredakteur, prof Ernest van Eck, by **ernest.vaneck@up.ac.za** om vakante standplase op die Kerk se amptelike webblad by **www.nhk.co.za** te plaas. Onthou asseblief dat 'n standplaas eers vakant verklaar moet wees voordat dit geadverteer mag word. Kontak dr Fanie Pretorius by 012 322 8885 x256 in dié verband.

Beroep ontvang

- **Dr Willem Smith** van Glencoe na Parys

Beroep aanvaar

- **Dr Willem Smith** van Glencoe na Parys
- **Ds Willem Slabbert** (beroepafwagtend) na Pretoria-Noord (deelsorg)
- **Prop Werner Olivier** (beroepafwagtend) na Harare (deeltyds)

Beroep bedank

- **Ds Johan Koekemoer** van Marble Hall na Zeerust

Dr Willem Smith

Ds Willem Slabbert

Prop Werner Olivier

Ds Johan Koekemoer


Ds Danie Erasmus

Ds At Mc Donald

Ds Kálmán Papp

PREDIKANTE EN GEMEENTES

- **Voorbidding word gevra vir die volgende persone:**
  - **Ds Herman Gothan** wat in die intensiewesorgeenheid was na sy motorongeluk, word nou in 'n gewone saal in die Unitas-hospitaal versorg. Dit gaan stadigaan beter met hom, alhoewel hy nog asemhalingsprobleme ervaar.
  - **Ds Danie Erasmus** is uit die Urologiehospitaal ontslaan en word versorg in Huis Bron van Heil in Heilbron.
  - **Mev Beaulah du Plessis, eggenoot van ds David du Plessis** van Gemeente Wonderboom-Suid, is Sondagaand in die intensiewesorgeenheid van Unitas opgeneem na 'n beroerteaanval. Sy het Sondagmiddag deelgeneem aan die gemeente se Bybelvasvra en later die aand tuis ineengestort. Haar toestand is ernstig en sy is tans aan haar linkerkant verlam.
  - **Prof Ernest van Eck se vader** is die afgelope week oorlede.
  - **Ds At Mc Donald** moet hierdie week ingrypende chemoterapie en volgende week ingrypende bestraling ontvang.
  - **Emerituspredikant ds Kálmán Papp en sy vrou** het albei baie verswak. Hulle word tans by hul huis deur 'n verpleegster versorg.
  - Weer eens ons opregte meegevoel aan **mev Ans Roos,** wie se eggenoot ds Gert Roos op Maandag 19 Julie in Middelburg begrawe is.
- **Ds en mev Willem Slabbert** word op Sondag 25 Julie deur Gemeente Pretoria-Noord ontvang. Ds Slabbert word in sy amp bevestig deur ds Stephen de Beer, konsulent van die gemeente. Die gemeente se standplaas is gewysig na deelversorging nadat die lidmaattal geweldig gedaal het. Ds Slabbert was etlike jare medies ongeskik maar het sodanig herstel dat hy weer beroepbaar gestel kon word en tans voltyds aan die werk is.

Ds Paul Kern Ds Leslie Kern

Dr Gerhard en Karien Lindeque

- **Ds en mev Paul Kern** word op Sondag 25 Julie deur Gemeente Sannieshof ontvang. By die geleentheid word ds Kern deur sy seun, ds Leslie Kern, in die amp bevestig. Sannieshof se standplaas is van die begin van die jaar af vakant na die vertrek van dr Gert Volschenk na die buiteland. Ds Kern het sodanig herstel dat hy weer beroepbaar gestel kon word nadat hy vir ’n aantal jare medies ongeskik was. Oudl Dries le Roux sal namens die Kommissie van die AKV gelukwense aan die gemeente en die Kern-egpaar oordra.

- **Ds en mev Dawie Jacobs** word op Sondag 25 Julie deur Gemeente Lichtenburg-Oos ontvang. Ds Jacobs word ook in sy amp bevestig. Hy het verlede Sondag van Gemeente Zwartruggens afskeid geneem.

- **Dr Gerhard Lindeque**, redakteur van *Die Hervormer* en die *e-Hervormer* en predikant van Gemeente Midstream, het op Woensdag 21 Julie op ’n besoek aan Leuven in België vertrek. Hy gaan ’n colloquium bywoon aan die Katolieke Universiteit van Leuven. Dit handel oor die boek Josua en die land Israel. Dr Lindeque het sy proefskrif in Ou-Testamentiese Wetenskap oor die boek Josua geskryf. Hy bied ook lesings in Ou Testament aan by die Afrika Instituut vir Missiologie (AIM) en die Hervormde Teologiese Kollege (HTK). Sy vrou Karien vergesel hom op die besoek. Dr André Ungerer sal intussen as redakteur waarneem.

- **Die volgende predikante verjaar in die komende week,** en word hartlik geluk gewens.

  - Vrydag 23 Julie: Prop Juanita du Preez (beroepafwagtend)
  - Saterdag 24 Julie: Ds Henk Pienaar (Bosmansrust)
  - Maandag 26 Julie: Di André Oberholzer (beroepafwagtend) en Louis Steyn (emeritus)
  - Woensdag 28 Julie: Ds At Mc Donald (emeritus) en prof Gert Pelser (emeritus)
  - Donderdag 29 Julie: Ds André Thomas (Oos-Moot)
  - Vrydag 30 Julie: Di Sarel Oosthuizen (Stilfontein-Wes) en Danie van der Watt (Montana)

- Gemeentes se **geloofsbriewe** vir die 69ste AKV moet **voor 31 Julie** by die kantoor van die sekretaris van die Kommissie van die AKV ingehandig wees. Nog heelwat geloofsbriewe ontbreek.

- Gemeentes wie se **nuwe gegewens** vir die **2011 *Almanak*** nog nie ingehandig is nie, het nog net **tot Maandag 26 Julie** geleentheid om dit deur die ringskriba by die kantoor van die sekretaris van die AKV in te handig. Die 2010 *Almanak* het volledig nuwe inligting ontvang na uitgebreide pogings deur mev Karen Breedt. Vanjaar moet nog groter pogings aangewend word, en die versoek is dringend dat die inligting nou aangestuur moet word. Indien nuwe besonderhede nie ontvang word nie, sal die vorige jaar se inligting geplaas word met ’n aantekening daarby dat die inligting nie resent is nie.

- Predikante het onlangs ’n skrywe ontvang waarin die **nuwe prosedure vir die bevestiging/inseëning** van huwelike aangekondig word. Hulle is ook versoek om nuwe registers by die streekkantore van Binnelandse Sake af te haal. Intussen is ervaar dat die registers nog nie beskikbaar is nie. Die huidige registers word dus steeds gebruik. ’n Nuwe omsendskrywe in dié verband is reeds uitgestuur.

- ’n **Vraelys** oor die behoeftes, probleme en versorging van **bejaardes** sal gemeentes binnekort bereik. Die **Loodskomitee vir Bejaardesorg** 2010 en daarna maak op elke gemeente staat om die vraelys so gou moontlik te voltooi en na die adres wat daarop aangedui word, terug te stuur. Elke gemeente word versoek om ’n persoon vir die taak aan te wys sodat daar deurlopende skakeling tussen elke gemeente en

die Loodskomitee kan plaasvind. Enige navrae kan aan die voorsitter, **dr Hennie van Deventer**, gerig word by **hennie@otmt.org** of 082 786 8448.

- **Navorsingsprojek van die NHSV oor die belewing en hantering van armoede gedurende die jare ongeveer 1930 tot 1960:** Die NHSV hoofbestuur, in samewerking met die Kerkhistoriese Genootskap van die Nederduitsch Hervormde Kerk, SENTIK, die argivaris mnr Nándor Sarkady, en dr Jackie Grobler van die Universiteit van Pretoria, is besig met hierdie projek. Die inligtingsbrief en vraelyste is beskikbaar by alle NHSV takke en op die NHSV webblad by **www.nhsv.co.za**, en is ook per e-pos gestuur aan elke gemeente. Ons wil 'n dringende versoek rig aan alle predikante en kerkrade om mee te doen aan die projek. Ons moet soveel vraelyste moontlik terugontvang om die projek te laat slaag. Die keerdatum is **einde September 2010**.

- Alle **vrouelidmate, NHSV takbesture** en ander lidmate word hartlik uitgenooi om die **2010 streekbyeenkomste** met die tema *Gesinne – daar vir mekaar* by te woon en deel te neem aan die gesprek oor hoe om gesonde gesinne in ons gemeentes te kweek. Die DVD *Ongebroke harte* wat in samewerking met die Algemene Diakensvergadering (ADV) saamgestel is, sal as vertrekpunt gebruik word. Die byeenkoms dien ook as toerusting aan takbesture en veral vir die takke in 'n streek om inisiatiewe uit te ruil en oplossings vir probleemareas te bespreek.

  - **13 en 14 Augustus:** streek van Dorsland (in Tsumeb)
  - **14 Augustus:** Bloemfontein (in Welkom), Vaalrivier (in Rietspruit), Swellendam (in Oudtshoorn) en Oos-Kaap (in Jeffreysbaai)
  - **21 Augustus:** Rustenburg (in Rustenburg-Kloof), Drakensberg (in Newcastle), Pretoria (in Verwoerdburg), Noord-Transvaal (in Oostelike Pietersburg), Wes-Rand (in Noordrand) en Natalkus (in Durban)
  - **28 Augustus:** Wes-Kaap (in Strand), Oos-Rand (in Nigel), Hoëveld (in Premiermyn) en Oos-Transvaal (in Middelburg)
  - **11 September:** Noordwes (in Doringkruin)

- **Gemeente Dullstroom** bied gedurende **Julie en Augustus** vanjaar vir oor-werkte predikante **gratis verblyf vir 'n naweek** in die pragtige Dullstroom. In ruil moet hy/sy die Sondagoggend om 10:00 vir die gemeente 'n erediens hou in die historiese ou klipkerkie. Kontak Johanna by **nhkdullstroom@yahoo.com**.

Spesiale eredienste en feesnaweke

- **Gemeente Welgelegen-Pietersburg** herdenk op **1 Augustus** vanjaar hul **25ste bestaansjaar**. Alle oudlidmate word genooi om hul herinneringe oor die gemeente met die huidige lidmate te deel. Kontak Annatjie Sandrock by 015 295 5464, 072 356 7189 of **nhk.welgelegen@absamail.co.za** indien u wil saamkuier of om staaltjies/herinneringe oor Welgelegen en sy mense aan te stuur.

- Met groot dankbaarheid en eervolle erkenning aan die Here beoog **Gemeente Namibkus** om op **7 en 8 Augustus** hul **nuwe kerkgebou in Hentiesbaai** in te wy. Dit is die verwesenliking van 'n lank gekoesterde ideaal, en die gemeente nooi alle voormalige predikante, lidmate en belangstellendes om die inwydingsgeleentheid by te woon. Op **Saterdag 7 Augustus** om 14:00 begin die verrigtinge met die oordra van groeteboodskappe. Daarna sit almal aan vir 'n feesmaal. **Sondagoggend 8 Augustus** om 11:00 word die hoeksteen onthul deur ds Leon Janse van Rensburg, en daarna word Nagmaal bedien tydens die erediens. Die merkwaardige is dat 'n skamele 20 lidmate in minder as vyf jaar die geld kon bymekaarmaak om die bouprojek sonder enige skuld af te handel. Gemeente Namibkus bedien ongeveer 200 lidmate aan die kusgebied van Namibië en sluit Walvisbaai, Swakopmund en Hentiesbaai in. Dit is reeds die klein gemeente se tweede kerkgebou!

- **Gemeente Bloemfontein-Wes** vier vanjaar hul **40ste bestaansjaar** oor die naweke van **13-15** en **20-22 Augustus**. 'n Feesprogram en gedenkalbum word tans saamgestel. Oudlidmate wat die feesvieringe wil bywoon of dokumente, foto's en staaltjies aan die gemeente wil stuur, kan die skriba, Santie Hamman, kontak by 082 829 7468, of die sekretariële beampte, Willemien Bloem, by 083 658 6753. Stuur enige bydrae per e-pos na **wilred@telkomsa.net** of **ljstrauss@lantic.net**.

Konserte en dames- en mannebyeenkomste

- **Saterdag 31 Julie: Gemeente Bronkhorstspruit damesoggend**
  Gasspreker Lynette Wilsenach
  Tema: *Leef voluit!*
  R50 per persoon
  Skakel 013 932 2929 vir meer besonderhede

- **Saterdag 31 Julie om 18:30: Gemeente Oos-Moot konsert**
  Navi Redd as hoofprogram en Hans Drommedaaris as voorprogram
  Hoërskoolsaal Oos-Moot, Haarhoffstraat, Villieria (GPS S25 42.470 E28 14.432)
  Gratis sjerrie voor die konsert
  Koop warm sop en broodjie tydens pouse
  Bespreek by Computicket

- **Saterdag 21 Augustus: Gemeente Leeudoringstad oggendtee**
  Met Elsabé Aldrich en tema *Alice in Wonderland*
  R100 per persoon, sluit geskenkie en verversings uit Wonderland in!
  Vir wip-in-die-stap en sappige inligting, kontak Thea van Rooyen by 018 581 3432 of 073 723 9883

- **Saterdag 21 Augustus: Gemeente Mafeking musiekaand**
  Mareetsane-boeresaal
  Vier rolmodelle (Zak van Niekerk, Thys die Bosveldklong, Jaco Labuschagne en Gerhard Odendaal)
  R200 per volwassene en R50 per laerskoolkind, sluit ete in
  Kontantkroeg beskikbaar
  Bespreek by Adri Dreyer (082 388 2615) of Magda Redelinghuys (082 825 1913)

- **Vrydag 27 Augustus: Gemeente Krugersdorp-Noord jaarlikse musiekfees**
  F # koor onder leiding van Attie Rossouw, en koor van Hoërskool Noordheuwel
  Orreluitvoering deur Willem Luitingh (begeleier van Black Tie Ensemble)
  Dwarsfluitspeler Melissa Hall, verskeie soliste en 'n instrumentele ensemble
  R50 per persoon
  Kontak ds Johan of Marita Fourie by 011 953 1402 of 072 278 1456

- **Saterdag 11 September om 09:00: NHSV Gemeente Theresapark lente-ete**
  Te *Vivaldi,* Sylviastraat 78, Heatherdale
  Met Sam, stileerder van TV-program *GlamGuru*
  R80 per persoon
  Vir meer besonderhede en bespreking skakel 012 542 2805, 012 542 3568, 082 460 6279 of 073 099 3699

- **Sondag 31 Oktober: Gemeente Kemptonpark-Oos ONBESKAAMD**
  R25 per persoon
  Groepe van 20 of meer, R20 per persoon
  Kontak Anneline by 082 924 7344 om te bespreek

Kampe en toere

- **27 September tot 1 Oktober: Ondersteuningsraadkamp**
  Koste R750 per kind

Kontak Suzanne van Deventer by **oraad@telkomsa.net**, 012 325 2320 of 071 684 7789 om **'n kind te borg**

Sportbyeenkomste en -kompetisies

- **Gemeente Sionspoort: Fietswedren Saterdag 14 Augustus**
  Oor 120 of 58 km (pad) en 50 of 23 km (bergfiets)
  Skakel Johan van Staden by 082 464 1547
  Besoek **www.sionspoort.org** vir meer inligting

Ander kompetisies en fondsinsamelings

- **Gemeente Benoryn (Benoni): Wynproe Vrydag 30 Julie 18:30**
  Kom proe wyne van Vredenheim wat gewoonlik net uitgevoer word
  Ontmoet die wynmaker!
  R180 per persoon (sluit proewyne en driegangmaaltyd in)
  Kontak ds Marlize Gasson by 072 117 0317

- **Gemeente Erasmia: Jaarlikse Bybelstap Saterdag 14 Augustus**
  Voortrekkermonument
  Registrasie vanaf 07:00, stap begin om 08:00
  Ook 'n roete vir bergfietse
  R35 per persoon
  Navrae aan Isme Dalton by 012 370 3513 of 082 962 2870

- **Gemeente Roedtan: Buffeljagkompetisie trekking 14 Augustus**
  R50 per kaartjie
  1ste prys: Buffelkoei, 2 blouwildebeeste, koedoe, blesbok, rooibok en akkommodasie vir 10 vir vier dae
  2de prys: Voëljag en akkommodasie vir 10 vir twee dae
  Kontak ds Thys Redelinghuys by 082 416 7724, faks 0865 189 110, of **jagkompetisie@gmail.com**
  Bankrekening: Absa Spaar; takkode 632 005; rekeningnommer 924 227 4630

- **Gemeente Bloemfontein: Drienasies in Bloemfontein Saterdag 4 September**
  (Bokke teen Australië)
  Teen donasie van R3 000 (waarde van pakket R10 000, insluitend groot fotocollage van die wedstryd en jy en jou vriende op die pawiljoen)
  Wen 10 sitplekke op die hoofpawiljoen in die middel
  Slegs 15 lootjies sal verkoop word!
  Sluitingsdatum **13 Augustus** om 09:00, wenner hoor om 09:30
  Kontak Danie Nortjé by 082 446 4890 of die gemeentekantoor by 051 446 4316 of dr Johan Nel by 083 400 0267

- **Gemeente Premiermyn: Wen 'n Ford Bantam-bakkie**
  Slegs R100
  Wenner bekendgemaak op **17 September** se NHSV-kuieraand
  Kontak Piet by 083 230 1135

- **Gemeentes Hartbeesfontein en Gerdau: Wen 'n boerdery**
  Gemeentes koop pakket(te) teen R5 000 elk (50 boekies met 11 kaartjies)
  Verkoop kaartjies teen R100 stuk en samel R50 000 in
  Groot pryse te wen
  Sluitingsdatum **4 April 2011**, trekking 8 Mei 2011
  Kontak Barry of Martie Pretorius by 018 431 0331 of 082 572 2124
  of Piet en Babsie Ferreira by 018 431 0685
  of ds Petrus Harmzen by 082 777 4253

- **Gemeente Derdepoort: Vleis**
  Wildswors R38 per kg en wildsvleissalami's R100 elk
  Boerewors, maalvleis en kookvleis ook beskikbaar
  Skakel ds Peet Swanepoel by 072 372 6933 of 012 800 2402 om te bestel

- **Gemeente Derdepoort: Sonkrag**
  Vervang geisers met sonkragtoestelle
  Kontak ds Peet Swanepoel by 072 372 6933 of 012 800 2402

- **Gemeente Derdepoort: Barmhartigheidsprojek**
  Donasies benodig van blikkieskos, niebederfbare kos, klere en breekgoed
  Sal dit kom haal!
  Skakel ds Peet Swanepoel by 072 372 6933 of 012 800 2402

Basaars en markte

- **Einde Julie: Bulawayo**
  15 gesinne
  Benodig koekmeel, suiker en enigiets wat by 'n basaar verkoop kan word
  Moenie te groot wees om na Zimbabwe te vervoer nie
  Geldelike bydraes ook welkom
  Kontak dr Fanie Pretorius by 012 322 8885 x256 of **fanie@nhk.co.za**

- **Vrydag 30 Julie tot Sondag 1 Augustus: Gemeente Buffelspoort**
  Buffelfees
  ATKV Buffelspoort (Mooinooi)
  Burger le Roux (Supersterre 2010), Jennifer Zamudio, Guillaume en Staaldraad
  Bergwedloop oor 5, 10 en 15 km
  Kunsmarkstalletjies en baie vermaak
  Kontak ds Neels van Tonder by 072 633 3367 of **nvtonder@vodamail.co.za**

- **Vrydag 30 tot Saterdag 31 Julie: Gemeente Premiermyn Warmwinterfees**
  Zonderwaterweg, Cullinan (R515)
  Smulkos, pretvermaak vir kinders, vlooimark en veiling
  Navrae aan Alta by 082 682 1252, Annetjie by 082 921 8200 of Piet by 083 230 1135

- **Saterdag 31 Julie: Gemeente Gaborone Biltong- en Potfees**
  Molkey Sport/Duma FM-terrein langs westelike verbypad (A1) by Phakalane
  Met Manuel Escorcio
  Van 09:00 tot vroegaand se potjiekoskompetisie en ete
  Aktiwiteite en stalletjies, kosse en ander produkte
  Biltong en beste kwaliteit vleissnitte teen weggeepryse
  Buite-uitstallers welkom
  Kontak ds Marthinus van Staden by **mvansta@xsinet.co.za** of 00267 713 07197
  of Riaan van Vuuren by 00267 716 61201 of **riaan@home.co.bw**
  Besoek **www.nhgaborone.org**

- **Saterdag 31 Julie: Ring van Middelburg**
  Groot 5-basaar van Klein 5-gemeentes
  Wors, wildsvleis, gebak, handwerk en meer
  By Gemeente Middelburg, hv Bhimy Domane- en Lilian Ngoyistraat
  Kontak Elsa van Dyk by 013 243 3949, 082 700 2425 of **nhkmid@gmail.com**
  of Annelien Janse van Rensburg by 082 452 6042

- **Saterdag 21 Augustus: Gemeente Bronkhorstspruit geskenkemark**
  Stalletjies beskikbaar teen R150 elk
  Skakel 013 923 2929 vir meer besonderhede

- **Saterdag 4 September: Gemeente Welgelegen-Pietersburg basaar**
  Kontak Annatjie Sandrock by **nhk.welgelegen@absamail.co.za** of 015 295 5464

- **Saterdag 11 September: Gemeente Meyerspark Stoepsittersfees**
  Fondsinsameling vir blanke plakkerskampe in Pretoria
  Wen 'n 1.3 Ford Bantam-bakkie vir R250
  Kontak Fred Paynter by 083 226 8299 of **mwpaynt@mweb.co.za**
  of die skriba, Simon Kotze, by **nhmeyerspark@lantic.net**

ANDER NUUS

- Die redaksie van die ***Almanak*** het die afgelope week vergader. Die finale beplanning vir die 2011 *Almanak* is gedoen. Daar is kennis geneem dat statistiese inligting van 'n hele aantal gemeentes nog nie ontvang is nie nadat dit herhaaldelik aangevra is. Vir die *Bybelse Dagboek* ontbreek ook nog enkele skrywers se dagstukkies. Verder is al die werk op dreef, en die publikasie behoort weer vanjaar 'n treffer te wees. Die verwagting is dat die *Almanak* teen November beskikbaar sal wees.

- **Die Ondersteuningsraad** het vakatures by Heidelberg, Krugersdorp en Witbank vir **Afrikaanssprekende maatskaplike werkers**, en 'n vakature vir 'n **programbestuurder** in die Oos-Randstreek (Brakpan, Elsburg, Kemptonpark en Johannesburg). Navrae kan gerig word aan mev Mariaan Steenkamp, uitvoerende direkteur van die Ondersteuningsraad, by 012 322 8885 x290, faks 012 322 5787, of **mariaans@nhk.co.za**.

- Diakonale Pleegsorg (DPS). **Vakature vir pleegouers in die DPS-huis Rustenburg**. Datum van diensaanvaarding Desember 2010 maar nie later nie as 1 Januarie 2011. Aansoeke sluit op 13 Augustus 2010. Getroude egpaar, verkieslik tussen 40 en 55 jaar oud, lidmate van die Hervormde Kerk, goeie gesondheid en 'n aanvoeling vir kinders. Suksesvolle ouers sal benewens 'n maandelikse kontantvergoeding en mediese voordele, gratis inwoning in die DPS-huis ontvang. Kontak dr Koos Engelbrecht by 012 322 8885 (w) of 079 884 2880.

- **Geleentheidsverblyf.** Ons Tuis in Riviera, Pretoria, bied aan ouer selfstandige lidmate van die Hervormde Kerk tydelike verblyf in goed toegeruste wooneenhede terwyl die familie by wie hulle inwoon binne- of buitelands vir vakansie of sakedoeleindes moet reis. R550 per dag vir twee persone wat deel en R350 enkel – sluit drie etes in, alhoewel die eenhede met volle kombuisgeriewe, breekware en tafelgerei ingerig is. Hierdie verblyf op dieselfde voorwaardes is ook beskikbaar vir besoekende predikante, kerkraadslede en lede van die NHSV. Navrae kan gerig word aan Elize Mans by **otbestuur@otmt.org** of tydens kantoorure by 012 329 3623.

- **Nasionale konferensie oor geweld**
  Sentrum vir Publieke Teologie, Fakulteit Teologie, Universiteit van Pretoria
  Violence in the democratic South Africa: A challenge to theology and the churches
  Dinsdag 10 tot Donderdag 12 Augustus
  Sanlam-ouditorium, Konferensiesentrum, hoofkampus UP
  R250 vir hele konferensie, R125 vir een dag
  Kontak mev Daleen Kotzé by 012 420 2348 of **daleen.kotze@up.ac.za** (tot 30 Julie)
  of Cobus van Wyngaard by **cobusvw@gmail.com**

- **Kongres oor transendensie**
  Unisa se Navorsingsinstituut vir Teologie en Religie
  Donderdag 2 tot Vrydag 3 September
  Unisa se Sunnyside-kampus

R250
Bespreek deur e-pos te stuur na **phukumlm@unisa.ac.za**
Skakel me Nonnie Fouché by 012 429 4470 of me Phukuile by 012 429 4369

- Die **volgende vergaderings** vind in die komende week plaas. Betrokkenes moet hulself asseblief vergewis van die korrekte vergadertye en lokale.

  - Vrydag 23 Julie: Die Ondersteuningsraad Finkom
  - Saterdag 24 Julie: NHSV Dagbestuur
  - Maandag 26 Julie: Die Ondersteuningsraad DPS-opleiding
  - Dinsdag 27 Julie: Missionale Bediening; Kuratorium Beurskomitee
  - Woensdag 28 Julie: Kinderhuise Dagbestuur
  - Donderdag 29 Julie: Die Ondersteuningsraad Bestuursvergadering

KOMMENTAAR

"Baie dankie vir die e-pos wat so getrou op 'n Donderdag by my rekenaar opdaag. Voorwaar skrik ek elke keer as dit in my in-mandjie land, want dan weet ek 'n week is al weer amper om! Ek lees graag die nuusbrief; dis altyd goed om te weet wat op die kerkwerf gebeur!

Met verwysing na 15 Julie se voorblad, is dit soms swaar om daaraan te dink dat sekere predikante vir jare op 'n beroep wag, en dan lees 'n mens dat daar gemeentes is wat keer op keer onsuksesvol beroepe uitbring. Die beroepafwagtende predikante, wat nie beroep word nie, is seker dan nie meer aanvaarbaar vir die gemeentes nie. Dis net interessant om al die goed te lees en te weet dat die huidige beroepstelsel nie 100% werk nie. Sekerlik werk niks 100% nie, maar ek dink dat daar met meer inligting oor wie beroepafwagtend is en waar die predikante aangewend kan word, darem seker 'n bietjie beter bestuur kan word.

Sekerlik is dit elke gemeente se goeie reg om self te besluit wie by hul gemeente gaan pas en wie nie. Ja, en sekerlik is daar omstandighede om in ag te neem, maar 'n mens wonder net of daar al navorsing gedoen is oor die aangeleentheid en of daar enigsins 'n plan is om die twee kante van die saak, dié van vakante standplase en dié van beroepafwagtende predikante, nader aan mekaar te bring.

Nogmaals dankie vir die *e-Hervormer*!"

Lukas Mc Donald, Gemeente Noordrand

ADVERTENSIES

Vakansieverhuring: Huis met praguitsig in **Heroldsbaai** sekuriteitskompleks te huur van 1 tot 16 Desember 2010 en 1 tot 31 Januarie 2011: 3 slaapkamers, 2 badkamers, binnebraaiplek, groot stoep, ontspanningsarea, waskamer en enkelgarage. Slaap 6 tot 8 persone. Minimum verhuringstydperk 7 nagte. R950 per nag, elektrisiteit uitgesluit (koopkrag). Duvets en kussings word voorsien. Foto's op aanvraag beskikbaar. Deposito 50% by bespreking. Skakel M van Deventer by 012 346 2653 of e-pos **interword@icon.zo.za**.

Advertensies waarvan 'n private individu of instansie die begunstigde is, of waarin 'n gemeente uitgebreide inligting oor 'n projek wil bekendstel, kan in die ***e-Hervormer*** geplaas word, teen **R114 per plasing**. Die teks moet saam met die bewys van betaling gestuur word aan mev Tessa Oppermann, per e-pos na **produksie@nhk.co.za**, of per faks na 086 633 4059 of 012 322 7906. GEEN advertensie sal geplaas word sonder dié bewys nie.

Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan: Raad van Finansies; ABSA; tjekrekening nommer 020 000 287; takkode 632 005; **verwysing:** u naam + **e-Hervormer Ads.**

Kontak mev Oppermann vir meer inligting.

AGTERBLAD

Deurkollekte vir die Teologiese Opleidingsfonds

Aan alle bedienaars van die Woord, skribas van gemeentes, broers en susters

Die Teologiese Opleidingsfonds het ten spyte van negatiewe tendense in die ekonomie in Suid-Afrika en in die groter wêreldgemeenskap bevredigend presteer. Dit is alleen toe te skryf aan ampsdraers en lidmate wat die saak goedgesind is en daadwerklik poog om jaarliks tot die Fonds by te dra. Die doelstellings en redes waarom die Fonds in die lewe geroep is, het steeds onveranderd gebly, naamlik om 'n fonds daar te stel ter ondersteuning van 'n teologiese opleiding wat getrou sal wees aan die teologiese etos van die Hervormde Kerk. Die komende AKV sal hom opnuut oor die Fonds uitspreek en besluit of dit nodig is dat aanpassings oorweeg moet word. Volgens die reglement van die Fonds geskied enige uitbetalings na besluit van die AKV, of die Kommissie van die AKV, in oorleg met die Kuratorium.

Die Sondae wat vanjaar aan die Fonds toegeken is vir deurkollektes het verander na die twee Sondae van **25 Julie en 29 Augustus**. Bydraes word na die Sinodale Kerkkantoor gestuur vir die Teologiese Opleidingsfonds, of direk inbetaal in die Fonds se rekening: *Teologiese Opleidingsfonds*, ABSA 404 863 2649, verrekeningskode 32-31-45-00. Vermeld asseblief volledig u besonderhede sodat inbetalings erken kan word.

Wees opnuut verseker van die besondere waardering vir almal se bydraes en jare lange ondersteuning. Ons is op pad na die 5 miljoen merk – met u is dit in die vooruitsig!

Dr Barry van Wyk, Fondssekretaris

Redakteur: Dr Gerhard Lindeque
Subredakteur: Ds André Ungerer
Kerknuus: Dr Fanie Pretorius
Teksversorger: Mev Tessa Oppermann
Uitlegkunstenaar: Mej Izelle Marx